# DIE DIER VAN OPENBARING 13

Die Beelde van beide Daniël 2 en Dan. 3 vergelyk met die Beeld van die Dier in Open. 13. Die boek van Daniël was verseël (Dan. 12:4) maar is deur JaHUsha geopenbaar in die Openbaring van JaHUsha (Open. 1:1).

In Dan. 3 het Nebukadnesar ‘n goue beeld laat maak waarvoor “volke, tale en nasies” moes buig (Dan.3:4). As koning van sy koninkryk het hy sy gode vereer deur die aanbidding van die beeld (Dan. 3:15). Omdat dit ‘n verering van Nebukadnesar se gode was, was dit in konflik met die ware Elohiem wat Sadrag, Mesag en Abednego gedien het en hulle het geweier om ‘n ander Elohiem te aanbid.

> Dan 3:14 En Nebukadnésar het gespreek en vir hulle gesê: Is dit met opset, Sadrag, Mesag en Abednégo, dat julle **my gode** nie dien nie en die **goue beeld** wat **ek** opgerig het, **nie aanbid nie**?
> Dan 3:15 As julle dan nou, sodra julle die geluid van horing, fluit, **siter**, luit, harp en doedelsak en van allerhande musiekinstrumente hoor, bereid is om neer te val en die beeld wat ek gemaak het, te aanbid, goed; maar as julle nie aanbid nie, sal julle oombliklik binne-in die brandende vuuroond gegooi word, en **wie is die Elohiem** wat julle uit my hand kan verlos?
> Dan 3:16 Sadrag, Mesag en Abednégo het geantwoord en aan koning Nebukadnésar gesê: Ons ag dit nie nodig om u hierop ‘n antwoord te gee nie.
> Dan 3:17 As **ons Elohiem wat ons dien**, in staat is om ons te verlos, dan **sal Hy** ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos;
> Dan 3:18 maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat **ons u gode nie sal dien nie** en die **goue beeld wat u opgerig het**, nie sal aanbid nie.

Nebukadnesar beteken: “May Nabu guard my boundary stones” of “May Nebo protect the crown”. Nebukadnesar se gode wat hy dien word direk aan sy koningskap en koninkryk gekoppel. Dis wat die goue beeld vir hom verteenwoordig MAAR dit staan **teenoor** die Koninkryk van JaHUaH as Elohiem.

**DIE GROTER PRENTJIE**

Ons kry die **uitbeelding van ‘n Man** of ‘n Persoon as ons lees hoe Paulus Messias JaHUsha as die Hoof/Kop van die gemeente beskryf, maar die gemeente vorm ook die **Een Nuwe Mens**. Messias is die Hoof en almal wat in Hom glo as Messias, is dan die Liggaam. Meeste van ons ken daardie term in Engels beter as die “**One New Man**”.

Die Een Nuwe Mens (Ef. 2:15, Gal. 3:28) is die “nuwe/hernude” Israel wat deur JaHUsha (Matt. 2:15, Hos. 1:11) tot stand gekom het as Skriftuurlike Israel (Gal. 6:15 – 16, Rom. 9:7 – 8). JaHUsha is die verpersoonliking of “Em**bodi**ment” van Israel.

Maar soos met die Een Nuwe Mens van Ef. 2:15 – 16, vergader die Vyand ook mense by homself soos wat ons dit kan verstaan uit die beeld in Dan. 2 wat koninkryke of regerings van die Mensdom verteenwoordig, met Nebukadnesar (wat Babilon verteenwoordig) as die kop (Dan. 2:37 – 38), net soos wat JaHUsha as die Gesalfde die Hoof is van die Een Nuwe Mens (Ef. 1:22 – 23, Ef. 5:23).

Die “kop” verteenwoordig die Denke en Verstand wat deur die Engelse woord “Mind” mooi weergegee word. 1 Kor. 2:16 sê dat ons die “mind” van Messias moet hê, maar met die Beeld gaan dit oor die “mind” van die Vyand.

> 1 Kor 2:16 Want wie het die **sin van JaHUaH** geken, dat hy Hom sou kan onderrig? Maar ons het die **sin van Messias**.
>
> 1 Cor 2:16 For who hath known the **mind of YHWH**, that he may instruct him? But we have the **mind of Messiah**.

Dit is dus ‘n magspel tussen die Koninkryk van die Lig en die Koninkryk van die Duisternis soos dit by Karmel was. Wie is die ware Elohiem?

Nebukadnesar moes op die ou end toesien hoedat die **ware Elohiem** Homself **bewys het** as die ware Elohiem en Sadrag, Mesag en Abednego het behoue en bevry van boeie uit die vuuroond gekom.

> Dan 3:23 Maar daardie drie manne, Sadrag, Mesag en Abednégo, het **geboeid** binne-in die brandende vuuroond geval.
> Dan 3:24 Toe het koning Nebukadnésar verskrik geword en haastig opgestaan; hy het sy raadsmanne toegespreek en gesê: Het ons nie drie manne geboeid binne-in die vuur gegooi nie? Hulle antwoord en sê aan die koning: Sekerlik, o koning!
> Dan 3:25 Hy antwoord en sê: Kyk, ek sien **vier** manne **los binne-in die vuur** wandel sonder dat daar ‘n letsel aan hulle is; en die voorkoms van **die vierde lyk soos dié van ‘n godeseun** *(Seun van Eloah).*
> Dan 3:26 Toe het Nebukadnésar nader gekom na die opening van die brandende vuuroond en daarop gesê: Sadrag, Mesag en Abednégo, knegte van die allerhoogste Elohiem, gaan uit en kom hier! Toe het Sadrag, Mesag en Abednégo uit die vuuroond uitgegaan.
> Dan 3:27 Daarop het die landvoogde, die bevelhebbers en die goewerneurs en die raadsmanne van die koning vergader en aan daardie manne gesien dat die vuur **geen mag** oor hulle liggame gehad en die hare van hulle hoof nie geskroei het nie, en dat hulle mantels geen verandering ondergaan en die reuk van die vuur nie aan hulle gekom het nie.
> Dan 3:28 Daarop het Nebukadnésar gespreek en gesê: **Geloofd sy die Elohiem van Sadrag, Mesag en Abednégo**, wat sy engel gestuur en sy knegte verlos het wat hulle op Hom verlaat het en die bevel van die koning oortree het, en wat hulle liggame oorgegee het om **geen ander god te dien** of te aanbid nie, **behalwe hulle Elohiem**.
> Dan 3:29 Daarom word **deur my bevel gegee** dat enige **volk, nasie of taal** wat oneerbiedig spreek oor die Elohiem van Sadrag, Mesag en Abednégo, stukkend gekap en van sy huis ‘n mishoop gemaak sal word, omdat daar **geen ander** elohiem is wat so kan verlos nie.

Soos by Karmel **het JaHUaH Hom as Elohiem geopenbaar** in die **Konflik tussen die twee koninkryke** en Nebukadnesar moes toegee dat Sadrag, Mesag en Abednego se Elohiem die ware Elohiem is, maar dit was nie ‘n erkentenis vanuit sy hart nie, want later het hy homself so verhef dat JaHUaH hom soos ‘n dier laat word het.

> Dan 4:20 Die boom wat u gesien het—wat groot en sterk geword het, en waarvan die hoogte tot aan die hemel gereik het en wat vir die **hele aarde** sigbaar was,

Dan 4:21 en waarvan die blare mooi en die vrugte baie gewees het, en waar voedsel vir alles aan was, waaronder die diere van die veld gehou en in die takke waarvan die voëls van die hemel gewoon het—

Dan 4:22 **dit is u, o koning, wat groot en sterk geword het, wie se grootheid toegeneem het en reik tot aan die hemel en u heerskappy tot aan die einde van die aarde.**

Dan 4:23 En dat die koning 'n bode, naamlik 'n afgesonderde, uit die hemel sien neerdaal het met die woorde: Kap die boom om en verwoes hom, maar laat sy penwortel in die aarde staan, en dit met 'n band van yster en koper in die groen gras van die veld, en laat hy deur die dou van die hemel natgemaak word en sy lot saam met die diere van die veld wees totdat sewe tydperke oor hom heengegaan het—

Dan 4:24 dit is die uitlegging, o koning, en dit is die besluit van die Allerhoogste wat oor my heer die koning kom:

Dan 4:25 **Hulle sal u uit die mensdom verstoot**, en u woning sal **saam met die diere** van die veld wees, en hulle sal u soos die beeste plante laat eet; en u sal deur die dou van die hemel natgemaak word, en **sewe** tydperke sal oor u heengaan **totdat u erken** dat **die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil**.

Dan 4:26 En dat hulle bevel gegee het om die penwortel van die boom te laat staan—u koningskap sal vir u bestendig wees vandat **u erken het dat die hemel heers**.

Dan 4:27 Daarom, o koning, laat my raad u welgevallig wees en **breek met u sondes** deur geregtigheid **en met u ongeregtighede** deur genade te bewys aan die ellendiges as daar verlenging van u rus moet wees.

Maar Nebukadnesar het nie gehoor gegee nie en sy droom en die uitleg vergeet en hy het soos 'n dier geword. Sy "mind" was soos diè van die Koninkryk van Duisternis, vol van homself, toe word hy gedegradeer vanaf Koning tot 'n Dier. Netso vergelyk die **konings van hierdie aarde** met die Dier want hulle hou nie IN GEDAGTE dat daar 'n Elohiem in die hemel is nie.

Nebukadnesar se voorbeeld leer dat om JaHUaH nie IN GEDAGTE te hou nie, vergelykbaar is met 'n Dier.

Dan 4:28 Dit alles het oor koning Nebukadnésar gekom.

Dan 4:29 Aan die einde van twaalf maande terwyl hy op die koninklike paleis van Babel rondwandel,

Dan 4:30 het die koning aangehef en gesê: **Is dit nie die groot Babel wat <u>ek</u> opgebou het tot 'n koninklike verblyf, deur die sterkte van <u>my</u> vermoë, en tot verheerliking van <u>my</u> majesteit nie?**

Dan 4:31 <u>Terwyl die woord nog in die mond van die koning was</u>, val daar 'n stem uit die hemel: **Koning Nebukadnésar, jou word aangesê—die koningskap word jou ontneem**;

Dan 4:32 en hulle sal jou uit die mensdom verstoot, en jou woning sal saam met **die diere** van die veld wees; hulle sal jou plante laat eet **soos die beeste**, en **sewe tydperke** sal oor jou heengaan, **totdat jy erken** dat **die <u>Allerhoogste</u> mag het** oor **die koningskap van die mens** en dit gee **aan wie Hy wil**.

Dan 4:33 Dieselfde oomblik het die woord in vervulling gegaan oor Nebukadnésar—hy is uit die mensdom verstoot en het plante geëet soos die **beeste**, en deur die dou van die hemel is sy liggaam natgemaak, totdat sy hare lank geword het soos die vere van **arende**, en sy naels soos dié van **voëls**.

Maar na verloop van die tydperk het Nebukadnesar se "verstand" in hom teruggekeer en hy het in **nederigheid** erken dat <u>heerskappy en mag</u> aan die **Allerhoogste behoort**, wat Hy gee aan wie Hy wil.

> Dan 4:34 En ná verloop van tyd het ek, Nebukadnésar, my oë na die hemel opgeslaan, en **my verstand** het in my teruggekeer, en **ek het die Allerhoogste geloof en Hom wat ewig lewe, geprys en geëer**, wie se **heerskappy 'n ewige mag en wie se koningskap van geslag tot geslag is**.
> Dan 4:35 En al die **aardbewoners word as niks geag nie**, en **na Sy wil** handel Hy met die leër van die hemel en die bewoners van die aarde, en daar is niemand wat sy hand kan afslaan en vir Hom kan sê: Wat doen U nie?
> Dan 4:36 In dié tyd het my **verstand** in my teruggekeer; en wat die eer van my koningskap betref—my majesteit en my glans het in my teruggekeer, en my raadsmanne en my maghebbers het my opgesoek; en ek is in my koningskap herstel, en buitengewone grootheid is my toegevoeg.
> Dan 4:37 Nou prys ek, Nebukadnésar, en ek roem en eer **die Koning van die hemel**: al sy werke is waarheid en sy paaie is reg, en **Hy kan verneder die wat in hulle trotsheid wandel**.

Dit is die agtergrond om te onthou wanneer ons te doen het met die Dier en sy beeld. Dit gaan oor die **opponering** van die Koninkryk van JaHUaH Elohiem en Sy Gesalfde, wat al kom sedert Genesis .... die Slang!

**DIE BEELD EN DIE KLIP UIT DIE BERG**

Nà Babilon het die Meders en Perse gevolg in Dan. 2 se Beeld, toe die Grieke en daarna Rome, maar almal is vanuit Babilon **as die kop** en so word Babilon wat voortgespruit het uit Babel (Gen. 11) in elkeen van die wêreldse koninkryke gevind wat Babilon opgevolg het omdat Satan basies die "Mind" of Kop daarvan is. Dis reeds vanaf die Toring van Babel en voor dit was dit die Slang van Gen. 3 wat Adam en Eva se Denke baie skadelik beïnvloed het, deur 'n sekere vraag in hulle **Denke** te plaas.

> Gen 3:1 Maar die **slang** was listiger as al die **diere** van die veld wat JaHUaH Elohiem gemaak het. En hy sê vir die vrou: <u>Is dit ook so dat Elohiem gesê het</u>: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie

Is daar ook al twyfel in jou gemoed gesaai oor die Woord, miskien veral t.o.v. die Nuwe/<u>Hernude Verbond</u>/Testament? JaHUsha is die Woord wat vlees geword het (Joh. 1:1, 14) ... word Sy indentiteit bevraagteken en in twyfel getrek met 'n "is dit so ..."?

In die kort gedeelte van "[Sag. 3:9 se Steen]", het ons gesien dat die Steen die Koninkryk van die Hemel verteenwoordig, wat die Klip is van Dan. 2 wat die Beeld verbrysel het in die koning se profetiese droom.

Dit is presies dit wat Messias JaHUsha gekom het om te vestig as die HoekSTEEN van die Hemelse Tabernakel, die Koninkryk van die Hemel. Hy het gesê dat die tempel van daardie dae afgebreek sou word, maar dat Hy die Tempel in drie dae sou opbou. Vandat JaHUsha opgestaan het nadat Hy drie dae en drie nagte in die graf was, is die Tempel wat Hy kom bou het, geestelik (1 Pet. 2:5, Heb. 3:6, Ef. 2:19 – 22, 1 Kor. 3:16). Hy woon nie meer in 'n tempel wat met hande gemaak is nie (Hand. 17:24).

Dit beteken dat JaHUsha die Koninkryk van die Hemel kom vestig het, midde die Romeinse Regering van die Mensdom en so eintlik die aardse, dierlike sisteem kom opponeer het. Dit is 'n wonderwerk wat plaasgevind het, want dit was alles bonatuurlik en onsigbaar.

Dit het klein begin, binne-in die die magtige heerskappy van Rome. Dit was soos 'n saadjie wat moes kom groei het en JaHUsha het dit genoem die "Goeie Nuus" van die Koninkryk van die Hemel (Mark. 1:14 – 15).

Hy het so te sê die Koninkryk as ‘n **klein klippie** ten tye van die Romeinse Regering kom vestig, sodat dit kon groter en groter word soos wat Daniël dit beskryf het (Dan. 2:35), totdat dit naderhand die hele aarde sal beslaan nà Open. 19:11 – 21 en Open. 21 en daarom Sy opdrag in Matt. 28:19 – 20 ...

> “Leer hulle om alles te onderhou wat Ek *(JaHUsha)* julle beveel het”.

Ons kan dan verstaan dat die Koninkryk van die Hemel en die Dierlike of Aardse Koninkryk van die Mensdom (wat eintlik Satan se Koninkryk is) mekaar opponeer. Satan beteken “Teenstander”. Dis Lig teenoor Duisternis, die Konflik van die Eeue.

In die dierewêreld gaan dit oor oorlewing van die sterkstes. Die een dier is ook die kos van die volgende dier. Die diere wat Daniël gesien het was bekende diere (3 van hulle). Die 4e een was vir hom iets verskrikliks en onbekend, iets wat mens met ‘n monster kan vergelyk.

Wanneer mense nie weergebore is en die natuur van Elohiem nie in hulle binneste is nie, word hulle soos diere, soos roofdiere, wat mekaar byt en opeet, want die Draak is ook dierlik, hy is die Slang.

> Open 20:2 En hy het die **draak** gegryp die **ou slang** wat die **duiwel** en **die Satan** is en hy het hom gebind duisend jaar lank

Sonde en rebellie bring die dier-natuur na vore, soos met Nebukadnesar toe hy hom bo Elohiem verhef het in sy trots en hoogmoed. Hy het dit vir ons simbolies uitgeleef.

> Judas 1:4 Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, **goddelose mense** wat die genade van ons Elohiem verander in ongebondenheid, en die **enigste Heerser**, Elohiem, en ons Meester **JaHUsha Messias** verloën.
>
> Judas 1:10 Maar hierdie mense belaster alles wat hulle nie ken nie; en alles wat hulle, soos die **redelose diere**, **op natuurlike wyse verstaan**, daardeur gaan hulle te gronde.

Dit is juis die verskrikking wat die Mensdom se koninkryke inhou. In hulle magsbeheptheid is dit soos roofdiere wat soek wie hulle kan verslind. Dit is wat die Dier verteenwoordig in ons tyd van magsbeheptheid vir wêreldoorheersing, die **Geo-politiese sisteem**.

Die beheer van die Dier kom van belangrike plekke af waarna ons moet oplet.




Dit is dan tog interessant dat Judaïsme glo die "goyim" m.a.w. wat hulle betref, die ander nasies, "diere" is, terwyl Judaïsme sonder JaHUsha se gees in hulle binneste Hom steeds nog verloën. Wie is dan vergelykbaar met 'n dier volgens Judas vers 4 en 10? Alles word net altyd omgedraai wanneer die Leuen aangebied word. Sien "The Holy Serpent of the Jews" van Texe Marrs ...

- http://www.texemarrs.com/092012/holy_serpent_of_jews.htm

**VIER DIERE VERENIG TOT EEN DIER**

Daar was vier diere in Dan. 7 wat elkeen simbolies was van die vier koninkryke wat die Beeld van Dan. 2 verteenwoordig het. Die een dierlike koninkryk maak telkens plek vir die volgende dierlike koninkryk.

> Dan 7:2 Daniël het gespreek en gesê: Ek het in die nag in my gesig gesien, en kyk, die vier winde van die hemel het die groot see in beroering gebring;
> Dan 7:3 en **vier groot diere** het uit die see opgeklim, die een verskillend van die ander.
> Dan 7:4 Die eerste was soos 'n **leeu**, en hy het vlerke van 'n arend gehad; ek het bly kyk totdat sy vlerke uitgeruk is en dit van die grond af opgehef en soos 'n mens op twee voete neergesit is en daaraan 'n mensehart gegee is.
> Dan 7:5 En kyk, 'n ander dier, 'n tweede, het gelyk soos 'n **beer**, en is aan die een kant opgerig; en drie ribbes was in sy bek tussen sy tande; en só het hulle vir hom gesê: Staan op, eet baie vleis.
> Dan 7:6 Daarna het ek gesien, en kyk, daar was 'n ander een soos 'n **luiperd**, en dit het vier vlerke van 'n voël op sy rug gehad; ook het die dier vier koppe gehad, en aan hom is heerskappy gegee.
> Dan 7:7 Daarna het ek in die naggesigte gesien, en kyk, daar was 'n **vierde dier**, **vreeslik** en **skrikwekkend** en **baie sterk**, en dit het groot ystertande gehad; dit het **verslind en vermorsel** en die oorskot **met sy pote vertrap**; en dit was **verskillend van al die diere** wat voor hom gewees het, en dit het tien horings gehad.
> Dan 7:8 Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel; en kyk, in hierdie horing was oë soos **mens-oë**, en 'n **mond wat groot dinge spreek**.

Ter wille van beter insig kan ons die uitbeeldinge van kunstenaars gebruik, want die Diere vergelyk met die Beeld ... die Beeld van die Dier.




Die **vier** diere van Dan. 7 word egter beskryf as **een** Dier in Open. 13:2 soos wat dit een Beeld is in Dan. 2. Dit skyn ook asof dit ‘n voortsetting en openbaring is van dit wat Daniël gesien het.

> Open 13:2 En die dier wat ek gesien het, was soos ‘n **luiperd**, en sy pote soos dié van ‘n **beer**, en sy bek soos die bek van ‘n **leeu**; en die **draak** het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag.



Dit lyk ook asof Open. 13 ‘n voortsetting van Open. 12 is, hoewel Open. 12 meervoudige lae het soos wat dikwels met profesië gebeur en dit handel oor die “Konflik van die Eeue” en dis wat Open. 13 op uitbrei.

Met Rome as die laaste koninkryk volgens die Beeld van Dan. 2 en die vierde dier, bring dit ons by die geskiedenis van die Pousdom van Rome waar die Pous soos ‘n koning beheer geneem het, ook oor godsdiens, deur wette uit te vaardig, terwyl daar ook ‘n leër was om “ketters” uit te roei. Hy was ‘n

**koning**-**priester**, maar nie van Geregtigheid nie, maar wel van Ongeregtigheid (2 Thess. 2:7 – 8). Dis die omgekeerde van MelekTzadek wat "Koning van Geregtigheid" beteken.

Dit het gebeur vir ‘n periode van 1 260 jaar (Open. 12:13 – 14), totdat daar in Napoleon se tyd ‘n einde aan gemaak is en daardie politieke mag van die Pous afgeneem is toe die staat en die kerk geskei is van mekaar. Koningskap en priesterskap is toe basies geskei en so het die Pous sy mag om **polities te heers** verloor.

Die een kop van die Dier het toe ‘n dodelike wond gekry, maar die wond is besig om in ons tyd agter die skerms te herstel met die doel om weer so ‘n skrikwekkende regering oor die hele wêreld te kan hê as wat dit in die Donker Middeleeue gehad het en erger.

> Open 13:1 En ek het ‘n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe ‘n naam van **godslastering.**
> Open 13:2 En die dier wat ek gesien het, was soos ‘n **luiperd**, en sy pote soos dié van ‘n **beer**, en sy bek soos die bek van ‘n **leeu**; en die <u>draak het hom sy krag gegee</u> en <u>sy troon</u> en <u>groot mag</u>.
> Open 13:3 En ek het **een van sy koppe** gesien net of dit **dodelik gewond was**, en sy dodelike wond **is genees**. En die hele wêreld het **verwonderd agter die dier aan gegaan**.
> Open 13:4 En hulle het die **draak aanbid** wat die dier **mag** gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?
> Open 13:5 En ‘n **mond** is aan hom gegee wat groot woorde en **godslasteringe** uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit **twee en veertig maande** lank te doen.
> Open 13:6 En hy het sy mond oopgemaak om **te laster teen Elohiem**, om **Sy Naam** en **Sy tabernakel** en die wat in die hemel woon, **te laster**.
> Open 13:7 Dit is ook aan hom gegee om **oorlog te voer** teen die afgesonderdes en hulle te oorwin, en aan hom is **mag** gegee oor elke stam en taal en nasie.
> Open 13:8 En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name **nie** van die grondlegging van die wêreld af **in die boek van die lewe** <u>van die Lam wat geslag is</u>, geskrywe is nie.

Met Daniël se vriende as ‘n voorbeeld vir ons tyd, kan ons sien hoedat hulle in die vuuroond gegooi is omdat hulle die Beeld wat Nebukadnesar gemaak het **nie wou aanbid nie**, tog is hulle bewaar, omdat hulle die instruksie van Ex. 20:2 – 7 in gedagte gehou het, anders as destydse Israel.

Hulle was ‘n Oorblyfsel, net soos wat die getroue gelowiges in die Donker Middeleeue was en voor hulle was daar die dissipels. Daar is altyd ‘n Oorblyfsel wat bewaar word vir die Koninkryk van die Hemel.

**DIE MERK VAN DIE DIER**

Die Beeld van Dan. 3 wat Nebukadnesar en sy koninkryk verteenwoordig, het afmetings gehad wat te doene gehad het met die getal SES, soos in Open. 13:18, die 666.

> Dan 3:1 Koning Nebukadnésar het ‘n beeld van goud gemaak; sy hoogte was **sestig** el, sy breedte **ses** el; hy het dit opgerig in die dal Dura, in die provinsie Babel.

Omdat die mens op die sesde dag geskape is, is dit die getal van ‘n mens (wat hier menslike konings en hulle koninkryke verteenwoordig).

Die Dier se getal is diè van 'n mens, 666, terwyl JaHUaH se getal 7 is.

Die bevel van koning Nebukadnesar was om die Beeld te aanbid want Godsdiens en die Valse Profeet gaan saam met die koning en sy koninkryk (Open. 16:13 – 14), maar watter Godsdiens is of was dit?

Byna alle valse gelowe het hulle wortels in Babiloniese Kabbalisme, daar waar Judaïsme ook gekontamineerd geraak het tydens die ballingskap en wat hulle saamgebring het na Israel wat vandag bekend is as die Babiloniese Talmud. Dit was alles nog so beoefen toe JaHUsha as Immanuel (*Elohiem met ons*) gekom het om Sy volk te kom red, maar hulle het Hom nie aanvaar nie (Joh. 1:11).

Het die Babiloniese Talmud hulle Denke en Insig so gekontamineer dat hulle nie 'n "mind" vir hulle Messias kon hê nie?

Valse gelowe beroof die mens van onderskeiding omdat dit die Denke of Insig kontamineer, naamlik die "Mind" van die gelowige. Is dit hoekom die merk van die Dier op die voorhoof is? Wat mens glo vanuit mens se insig, of dit reg of verkeerd is, beïnvloed wat mens doen, m.a.w. die TOEPASSING van mens se geloof. Is dit hoekom die merk ook op die hand is?

Hiermee sê ons nie dat daar nie 'n fisiese merk sal wees wat elektroniese beheer moontlik gaan maak nie, maar wat nou toepaslik is, is die geestelike merk net soos wat ons in die **geestelike** Tempel priesterlike diens doen. Dit gaan gepaard met die geestelike Gruwel in die heiligdom wat die geestelike Insig beïnvloed.

> 2 Thess 2:2 om nie gou julle **verstand te verloor** of verskrik te word nie—deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees—asof die dag van Messias al daar is.
> 2 Thess 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want <u>eers</u> **moet die <u>afval</u> kom** en die **mens van sonde geopenbaar word**, die **seun van die verderf**
> 2 Thess 2:4 **die teëstander** wat hom verhef bo al wat **Elohiem** genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy **in die tempel van Elohiem as Elohiem** sal sit en <u>voorgee dat hy Elohiem is</u>.

Dit was so in die Donker Middeleeue onder die Pousdom se beheer en ons merk in ons tyd op hoedat die gewonde kop van die Dier herstel.

'n Belangrike teken van die herstel van die wond is die "**ondersteuning vir die Sekulêre Staat van Israel**" want dit lei mense stadig maar seker na Babilon deur die leringe van Judaïsme en Kabbalisme wat hulle weglei van die Suiwer geloof in JaHUsha as JaHUaH se Gesalfde en Sy Koninkryk van die Hemel, net soos dit was toe JaHUsha gekom het en Sy eie mense Hom nie kon herken nie. Hy word "onherkenbaar" gemaak. Sien "<u>DIE STAAT ISRAEL</u>".

Soos 2 Thess. 2 sê, stuur Elohiem die **krag van die dwaling**. Dit sal selfs die Uitverkorenes mislei (Matt. 24:24). Is dit 'n toets en gaan ons die toets faal of gaan ons onderskei en die waarheid van die Koninkryk van die Hemel volg en nie 'n "fisiese Israel koninkryk" nie?

> 2 Thess 2:5 Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie?
> 2 Thess 2:6 En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word.
> 2 Thess 2:7 Want die verborgenheid van die ongeregtigheid **is al aan die werk**, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is;

> 2 Thess 2:8 en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Meester met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,
> 2 Thess 2:9 hy wie se koms is volgens die **werking van die Satan** met **allerhande kragtige dade** en **tekens en wonders** van die leuen
> 2 Thess 2:10 en met allerhande verleiding van ongeregtigheid **in die wat verlore gaan**, omdat hulle die **liefde tot die waarheid** nie aangeneem het om gered te word nie.
> 2 Thess 2:11 En daarom sal Elohiem hulle die **krag van die dwaling stuur**, om die leuen te glo,
> 2 Thess 2:12 sodat almal **geoordeel** kan word wat die waarheid **nie geglo het nie**, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.

Vir Daniël se vriende was daar 'n gevolg as hulle nie die Babiloniese koning se beeld wou aanbid wat sy gode verteenwoordig het nie. Hulle is in die Brandende Vuuroond gegooi. Vervolging dus ... maar Sadrag, Mesag en Abednego was beskerm deur Een wat JaHUsha simboliseer (Dan. 3:24) en hulle hande het losgeraak (Dan. 3:25). Ons kan dit vergelyk met Open. 7, Open. 14:1 – 5. Dit gaan daaroor om nie **geestelik te hoereer** nie, m.a.w. "met vroue te besoedel nie", soos die Hoervrou van Babilon, want dan het hulle nie die "mind" van Messias nie wat deur die **voorhoof** verteenwoordig word, die Denke en onderskeiding is dan besoedel.

> Open 7:3 en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van ons Elohiem **op hulle voorhoofde verseël** het nie.

> Open 14:1 En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met **Sy Naam en die Naam van Sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe**.
> Open 14:2 En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van siterspelers wat speel op hulle siters.
> Open 14:3 En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd vier en veertig duisend wat **van die aarde vrygekoop is**.
> Open 14:4 Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is **maagdelik rein**; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir Elohiem en die Lam.
> Open 14:5 En in hulle mond is daar **geen bedrog** gevind nie; want hulle is **sonder gebrek** voor die troon van Elohiem.

Hulle is van die Aarde "**as vuuroond van die Vyand**" vrygekoop.

> Joh 16:33 Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In **die wêreld** sal julle **verdrukking** hê; maar hou goeie moed, **Ek het die wêreld oorwin**.

Die Vuuroond vergelyk in 'n sin met die altaar van EliJaHU by Karmel. Daar het JaHUaH Sy vuur op die EliJaHU se altaar laat val, maar hier is die Vyand se vuur ter sprake **waaroor** JaHUaH **beheer neem**.

Uiteindelik sal alles eindig met JaHUaH se Poel van Vuur wat Sy Oordeel en wraak is (Open. 20:11 – 15), want Hy is 'n jaloerse Elohiem. So was die einde van die vorige era met vuur, 70 na Messias.

**DIE GRUWEL**

JaHUsha het aanvanklik sy dissipels gewaarsku oor die Gruwel in die heiligdom. Die gruwel in die dissipels se tyd was toe die Romeine Jerusalem en die tempel "oorstroom" het as vervulling van die profesie van Dan. 9:26. Dit was daardie tyd se gruwel in die heligdom, want die Romeine het die keiser as "god" aanbid.

Vandag is die Gruwel vir ons geestelik in die geestelike Tempel waar ons diens doen in die Afgesonderde Plek as priesers (1 Pet. 2:9).

Daardie priesterlike take is nou gesteel vir die Antimessias se bediening. Hy het in die Hemelse Tabernakel in beweeg en hy sit weereens "syne" as Gruwel in die plek van die Waarheid, net soos in die Donker Middeleeue met die Pousdom. Wie se lig word aangesteek as "kandelaar", by wie se "reukofferaltaar" word aanbid en wie se "toonbrode" word uitgestal en aangebied as lering?

Die wond is besig om te herstel. Dit is egter so verdoesel dat dit die Uitverkorenes mislei, want Gelowiges in JaHUsha volg die Dier en sy koninkryk deur Sionisme, deur wie die Staat Israel in 1948 tot stand gekom het. Al gewonder waar kom so 'n beweging soos die Hebreeuse Wortels vandaan en H.R.T. I.?

Dink net mooi. Terwyl ons steeds leuens wat ons oorgeërf het vanaf die songodsdiens moet vervang met waarheid (want die reformasie moes nooit opgehou het nie), moet ons nie weer 'n "nuwe" teologie begin nie. Eintlik is dit net 'n baie ou godsdiens vanaf die Toring van Babel en Babilon waaragter die Slang van Genesis 3 af sit.

Hoekom sal ons wil terugkeer na Babilon via die leringe van Rabbies en die Talmud? Dit is nie eens die geloof van die Ou Verbond nie, maar ook die Ou Verbond het alreeds ontvou in die Hernude Verbond wat ons leer ken het as die Nuwe Testament. Dit is die Torah van die Messias wat ons nou moet onderhou. Ons moet die Lam wat geslag is volg. Daar is dus iets op die voorhoofde geskryf van die wat Hom volg. **Vergelyk dit** met die merk van die Dier.

> Open 14:1 En ek het gesien, en kyk, **die Lam staan op die berg Sion**, en **saam met Hom** honderd vier en veertig duisend met <u>Sy Naam en die Naam</u> van sy Vader **op hulle voorhoofde geskrywe**.
>
> Open 14:4 Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle **wat die Lam volg** waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir Elohiem en die Lam.

Alle vals gelowe ontspring vanaf Babilon, vanaf die Hoer van Babilon. Sy het net elke keer 'n ander rok aan ... 'n "rok" wat sal werk vir wie ook al, waar ookal in die wêreld.

**DIE EERSTE DIER EN DIE TWEEDE DIER**

Die Eerste Dier en die Tweede Dier werk saam vir Satan as die Draak, want hy is die toppunt van die piramide van die sataniese sisteem. Dit is die Geo-politiese wêreld (1) en die Valse Profeet (2) en wees versigtig vir al die wonders en tekens.

> Open 16:13 En ek het <u>uit die bek van die draak</u> en <u>uit die bek van die dier</u> en uit die <u>mond van die valse profeet</u> drie **onreine geeste** soos paddas sien kom.

Open 16:14 Want dit is **geeste van duiwels** wat **tekens doen**, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, **om hulle te versamel** vir die oorlog van daardie **groot dag** van die **almagtige Elohiem**.

Die Groot Dag van JaHUaH soos wat dit was by Karmel met die magsstryd tussen Baäl en JaHUaH Elohiem. Ongelukkig het niks verander nie.

Dit is deur die Tweede Dier wat optree soos 'n Valse Profeet, wat daar vir ons 'n Beeld aangebied word om te "aanbid", Open. 13:14.

Open 13:11 En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het **twee horings** gehad net **soos 'n lam** en het **gepraat soos 'n draak**.
Open 13:12 En hy oefen **al die mag van die eerste dier uit** voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, **die eerste dier aanbid**, waarvan die dodelike wond **genees is**.
Open 13:13 Hy doen ook **groot tekens**, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense.
Open 13:14 En **hy verlei die bewoners** van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde **te sê** dat hulle 'n **beeld moet maak** vir die dier wat die **swaardwond ontvang en lewendig geword het**.
Open 13:15 En dit is hom gegee om 'n **gees** aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal **praat** en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie.
Open 13:16 En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n **merk** op hulle **regterhand** en op hulle **voorhoofde** gegee word;
Open 13:17 sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.
Open 13:18 Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is **die getal van 'n mens**; en sy getal is **ses honderd ses en sestig**.

Ons weet dat die Dier 'n swaardwond ontvang het toe die Pous sy politieke mag (**koningskap**) verloor het, maar hy het die religieuse aspek (**priesterskap**) behou en diè word dan gebruik om vir die Dier 'n weg te help baan dat hy die koningskap weer in die hande kan kry.

In ons dae word dit gedoen deur die Staat Israel te idealiseer. Om die sekulêre Staat van Israel as 'n fisiese koninkryk te volg soos wat Sionisme in ons dag 'n pad daarvoor gebaan het, is om alreeds voor die Beeld van die Dier te buig deurdat diè misleiding "ingesluk" word wat die **geestelike Insig** kontamineer, wat 'n vorm is van die **Merk** op die **Voorhoof**. Mens verloor die verstand soos 2 Thess. 2:2 gewaarsku het om nie te doen nie.

Die sogenaamde "Dawidster" is die Staat van Israel se simbool, maar dis eintlik Saturnus wat deur Duisternis aanbid word (Saturnus/Satan). Die ster het ses punte, ses driehoeke en ses kante. Dit is die okkultiese heksagram, die 666, die merk van die Dier. Vergelyk ook hier Num. 24:16, Amos 5:26 en Hand. 7:43.

Interessant, ons weet dat hulle die tempel wat JaHUsha gesê het afgebreek moes word, weer wil herbou. Die Vrymesselaars is hard besig om die Tempel van Salomo in die Duisternis okkulties te kopiëer en in Salomo se tyd was sy inkomste **666** talente goud in een jaar.

> 1 Kon 10:14  En die gewig van Salomo se inkomste aan goud in een jaar was **ses honderd ses en sestig** talente goud,
> 1 Kon 10:15  behalwe wat ingekom het van die koopmans wat rondtrek, en van die wins van die handelaars en van al die konings van die gemengde bevolking en van die goewerneurs van die land.

Dit gaan dus oor die **Geldmag** wat o.a. via **Godsdienstige** misleiding die houvas kry, die Eerste Dier en die Tweede Dier.

Die merk gaan dan nie net oor geestelike beheer nie, maar ook oor 'n beheer deur die monetêre sisteem.

Al hierdie dinge is net bolangse informasie wat dieper ondersoek kan word, maar hierdie gegewens maak dit moontlik om die Dier te identifiseer, veral as ons dink hoedat Amerika (nà Brittanje) betrokke was met die totstandkoming van Israel volgens die opdrag van Lord Rothschild, omdat dit die Nuwe Wêreldorde se plan is vir 'n Wêreldregering vanaf Jerusalem.  Sien "DIE BALFOUR DEKLARASIE" en "TOEPASSING VAN DIE TORAH IN DIE ORDE VAN MELGISÈDEK, LERING 13".

Ons moet dink aan wat in 70 na Messias gebeur het.  Wat was, sal weer gebeur in profesie.  Dit was die einde van daardie Era en ons nader die einde van ons Era.

Nie een van die volgelinge van JaHUsha is in 70 na Messias gedood nie.  Hulle het na Pella gevlug toe hulle die Gruwel gesien het, sodat hulle nie in die spervuur kon wees nie, soos Hy hulle beveel het.  Maar JaHUaH se oordeel het op almal geval wat nie die Gruwel ernstig opgeneem het nie.  Hulle het selfs die keiser verkies bokant JaHUsha, net soos ook gebeur het met BarAbbas.

Is die Beeld van die Dier die hedendaagse Illuminatiese Politieke Wêreldmag soos dit gesentreer is rondom die Staat Israel en speel Amerika 'n belangrike rol daarin wat die Weste betref?

Maar die Ooste is nie uitgesluit nie.  Die Ooste en Weste wat in stryd is met mekaar vir wêreldoorheersing word uitgebeeld deur die 2 bene van die Beeld in Dan. 2.  Die profesie eindig egter sonder dat ons kan aflei dat een van die 2 bene die oorhand gekry het, want "*in die dae van hierdie koning*s ..."

> Dan 2:44  Maar <u>in die dae van dié konings</u> sal die Elohiem van die hemel **'n koninkryk verwek** wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; **dit sal al daardie koninkryke verbrysel** en daar 'n **einde aan maak**, maar self sal dit vir ewig bestaan—

Is die Tweede Dier wat die Eerste Dier dien die Valse Sionistiese beeld van Judaïsme se "gesalfde" wat vir ons voorgehou word, naamlik die Antimessias, want dit **lyk soos 'n lam** maar **praat soos 'n draak**?  Dit het twee horings (kry krag/ondersteuning vanaf twee kante), wat mens miskien wel laat wonder of dit nie is soos wat Amerika en Israel saamstaan om Sionisme se planne tot stand te bring daar in die Midde-Ooste nie, want die Nuwe Wêreldorde wil mos vanaf Jerusalem die wêreld regeer.



Dit gaan oor ‘n valse messias as “lam” vir ‘n vals “Israel” om sodoende ‘n fisiese “dierlike” koninkryk op die aarde te kan hê ... wil hulle ons so laat wegdraai van die Hemelse Koninkryk?. Die Tweede Dier maak dus dat almal die Eerste Dier aanbid, Open. 3:12.

Onthou ... daar is geen fisiese koninkryk wat meer moet kom nie (selfs nie in die 1 000 jaar tussen die twee opstandings van Open. 20 nie). Ons kan nie die Jode se eskatologie as Vals Profeet volg nie, ons het ‘n Nuwe of Hernude Testament waarin **net dit oorgedra is** vanuit die Ou Testament **wat op ons tyd** betrekking het.

**DIE VERDERE VERLOOP VAN DIE PROFESIE OOR DIE DIER EN SY MERK**

> Open 14:11 En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie **hulle wat die dier en sy beeld aanbid**, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.
> Open 14:12 Hier kom die lydsaamheid van die afgesonderdes te pas; hier is hulle wat die gebooie van Elohiem en die geloof in JaHUsha bewaar.
>
> Open 15:2 En ek het gesien iets soos ‘n see van glas, gemeng met vuur. En die oorwinnaars **oor die dier en oor sy beeld** en **oor sy teken**, oor die **getal van sy naam**, het ek by die see van glas sien staan, met siters van Elohiem.
> Open 15:3 En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van Elohiem, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, JaHUaH Elohiem, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o **Koning** van die afgesonderdes!
> Open 15:4 Wie sal U nie vrees nie, JaHUaH, en U **Naam** nie verheerlik nie? Want U alleen is afgesonder; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het.
> Open 16:2 Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bose swere het aan die mense gekom **wat die merk van die dier gehad het** en **sy beeld aanbid het**.
>
> Open 17:3 En hy het my in die gees weggevoer na ‘n woestyn, en ek het ‘n vrou sien sit op ‘n skarlakenrooi **dier**, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings.
>
> Open 17:8 Die **dier** wat jy gesien het, **was en is nie**, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, **sal hulle verwonder** as hulle die **dier sien** wat was en nie is nie, alhoewel hy is.
>
> Open 17:16 En die tien horings wat jy **op die dier** gesien het, hulle sal die **hoer haat** en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en **haar met vuur verbrand**.

Open 17:17 Want Elohiem het dit in hulle harte gegee om **Sy bedoeling** uit te voer en een bedoeling uit te voer, en hulle **heerskappy aan die dier te gee** totdat die woorde **van Elohiem** volbring is.
Open 17:18 En die vrou wat jy gesien het, is die **groot stad** *(Babilon)* wat heerskappy voer **oor die konings van die aarde**.

Isebel wat vir EliJaHu gejag het, was simbolies van die Hoer van Babilon (Open. 2:20 -23). Open. 18 handel dan oor die Val van Babilon, net soos wat Isebel ook gedood was. In Babilon het Godsdiens en Mag verenig deur die Handelsbeheer van die destydse wêreld. Niks het verander nie.

Ons moet leer uit dit wat daardie tyd gebeur het. Ons moet nie Eerste Dier volg nie (*polities betrokke* raak *nie*) en ons moet ook nie die Antimessias en die Valse Profeet volg (*geloofsgewys mislei word nie*) as die tweede Dier wat werksaam is vir die eerste Dier nie. Soos die dissipels, moet ons vlug vir die Gruwel.

JaHUsha sal die wat aan Hom behoort red, al sal hulle deur vervolging gaan soos wat Hy vervolg is vir drie en 'n halwe jaar (1 260 dae) - sien Joh. 15:18 – 21 - soos die wat in die Donker Middeleeue vervolg is vir 'n periode van 1 260 jaar.

Die Oordeel oor die Dier en die Valse Profeet sal volg nadat JaHUsha die wat syne is weggeneem het, soos wat gebeur het 70 na Messias, m.a.w. 1 Thess. 4:16 – 17 sal eers plaasvind, dan volg die Oordeel. So was dit ook met Noag en sy gesin, hulle was veilig in die Ark voordat die watervloede oopgebreek en die reën begin het. Lot en sy gesin was uit Sodom uit voordat dit met vuur en swael verbrand is.

Die oordeel is eintlik vir die Dier en die Valse Profeet, wat beteken dat net diè **wat hulle volg** saam met hulle die oordeel sal kry, Open. 19:20 en Open. 20:11 – 15.

JaHUsha het egter nie gekom om te oordeel nie, maar om te red.

Joh 3:16 Want so lief het Elohiem die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, **nie verlore mag gaan nie**, maar die ewige lewe kan hê.
Joh 3:17 Want Elohiem het sy Seun in die wêreld gestuur **nie om die wêreld te veroordeel nie**, maar dat die wêreld **deur Hom gered kan word**.
Joh 3:18 Hy wat in Hom glo, **word nie veroordeel nie**; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel **omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van Elohiem nie**.
Joh 3:19 En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense **het die duisternis liewer gehad as die lig**; want hulle werke was **boos**.
Joh 3:20 Want elkeen wat kwaad doen, **haat die lig** en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie.
Joh 3:21 Maar **hy wat die waarheid doen**, kom na die lig, sodat sy werke **openbaar** kan word, dat hulle **in Elohiem** gedoen is.

**SLOTSOM**

Dit gaan dus oor die Konflik tussen 2 Koninkryke waar die **ware Elohiem** geopenbaar sal word. Daar is 'n namaaksel.

Ons moet waak om nie die Afbeelding van die Dier te volg/aanbid wat na ons toe kom via "godsdiens" nie, want dit neem ons geestelike onderskeiding en **Insig** weg wat dan die **Toepassing** van ons geloof kontamineer en dit sal vir ons na die verderf lei.

Mense vergeet van die Reformasie en die Roomse gevaar terwyl wêreldwye Sionisme en die Nuwe Wêreldorde in sy verskeie vorms besig is om die Koninkryk van die Antimessias te laat ontplooi. So word mense teruggelei na die Godsdienstige sisteem se "Moeder" van Open. 17 en 18. Ons is òf deel daarvan òf ons is afgesonder daarvan.

Ons moet NIE die leringe van Judaïsme met hulle Babiloniese Talmud deur ons "mind" sleep en so opening maak vir die Gruwel nie, soos wat baie in die Hebreeuse Wortel Beweging doen nie. Hulle leraars kwoteer Jer. 33:20 om te regverdig dat Dawid altyd 'n Seun op sy troon sal hê maar ontken dan die MelekTzadek aan die Regterhand van die Vader wat vir "Syne sal terugkom" om "Hom in die lug tegemoet te gaan", 1 Thess. 4:17.

Al lyk dit soos 'n lam, "**praat dit soos 'n draak**". Dit is ook nie die "geslagte" lam nie, maar 'n nagemaakte messias wat voorgehou word, een wat volgens hulle nie Elohiem is nie, want hulle glo hulle messias is 'n mens.

Ons moet egter die **Geslagte** Lam van Elohiem (Open. 5:6) **bly volg** tot en met Open. 21 en 22 wat ons eindbestemming is.

Einde ten laaste sal die Dier en die Valse profeet dan wel **hulle oordeel** ontvang.

> Open 19:20 En die **dier** is gevange geneem, en saam met hom die **valse profeet** wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle **verlei het** wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand.

0-0-0-0-0-0-0

AndriYaH
Februarie 2019